



education

**Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noord-Wes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE**

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 10

BESIGHEIDSTUDIES V2

NOVEMBER 2019

PUNTE: 150

TYD: 2 Uur

Die vraestel bestaan uit 8 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE onderwerpe:
(Besigheidsonderneming en Besigheidsrolle)

AFDELING A: VERPLIGTEND

AFDELING B: Bevat DRIE vrae.

Beantwoord enige TWEE van die VRAE in hierdie afdeling.

AFDELING C: Bevat TWEE vrae.

Beantwoord EEN van die twee vrae van hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en let veral op wat benodig word.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsels wat in hierdie vraestel gebruik word. Geen punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genummer is nie.
4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.
5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
6. Gebruik die onderstaande tabel as 'n riglyn vir puntetoekenning en tydtoedeling wanneer elke vraag beantwoord word.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD
A: Objektiewe-tipe vrae VERPLIGTEND	1	30	30 minutes
B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE	2	40	30 minutes
	3	40	30 minutes
	4	40	30 minutes
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord net EEN.	5	40	30 minutes
	6	40	30 minutes
TOTAAL		150	120 minutes

7. Begin die antwoord van ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld Vraag 1 – nuwe bladsy, Vraag 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.
8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 Kabelo's Kinderhuis is 'n voorbeeld van 'n ... maatskappy.

- A nie wingewende
- B staats beheerde
- C winsgewende
- D publieke

1.1.2 Verwerkte data word genoem.

- A inligting
- B toestemming
- C data
- D aanbieding

1.1.3 Entrepreneuriese kwaliteite kan gereflekteer word deur

- A vriendelikheid.
- B geen buigsaamheid.
- C uitsonderlike organisasie vaardighede.
- D lae graad van verpligting.

1.1.4 'n Onderneming gee iets terug aan die samelewing deur ...

- A verantwoordelike ondernemings praktyke.
- B korporatiewe sosiale verantwoordelikheid.
- C korporatiewe sosiale belegging.
- D korporatiewe bestuur.

1.1.5 ... help om inligting in te win oor kliënte en markneigings.

- A Mark navorsing
- B Data hantering
- C Kritiese denke
- D Onderneming

(5 x 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die onderstaande lys te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOOREDBOEK. Elke woord moet slegs een keer gebruik word.

Aandeelhouers; kontrak; inheems; direkteure; sielkundige pryse; prospektus; ooreenkoms; penetrasie pryse; nie konvensionele nie; MOI

1.2.1 Lede van die raad van die maatskapy.

1.2.2 'n Verbale of skriftelike ooreenkoms tussen twee of meer partye.

1.2.3 Produkte wat aan die mark verkoop word teen relatiewe lae pryse.

1.2.4 Thabo gebruik 'n ou idee om die probleme van die onderneming op te los.

1.2.5 'n ... word gebruik om 'n besigheid te registreer. (5 x 2)(10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
1.3.1 Eienaars is persoonlik verantwoordelik vir die skuld en eise teen die besigheid.	A. Premie
1.3.2 Gewone betalings gemaak aan 'n versekerings maatskapy.	B. Geheuekaarte
1.3.3 Werk in 'n groep om idees te genereer en probleme op te los.	C. Organiseer
1.3.4 Hou aan om iets belangriks wat gedoen moet word op sy te skuif vir later.	D. Prioriteite
1.3.5 Hou jou werkspasie skoon sodat jy dadelik kan begin werk.	E. Beperkte aanspreeklikheid
	F. Uitstel
	G. Dinkskrum
	H. Fokus
	I. Oorversekering
	J. Onbeperkte aanspreeklikheid

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

NOTA: Dui die VRAAGNOMMER van elk vraag wat jy kies, duidelik aan.
Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin,
bv VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy,
ens.

VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Lees die scenario en beantwoord die vrae wat volg:

Pako het daaraan gedink om nog 'n restaurant in Kathu ook oop te maak. Hy is skrikkerig dat hy nie 'n goeie bestuurder gaan kan aanstel wat ook mooi na sy besigheid sal kyk nie.

2.1.1 Noem VIER entrepreneuriese eienskappe. (4)

2.1.2 Verduidelik wat 'n sakeplan is. (4)

2.1.3 Bespreek enige VIER komponente van die sakeplan. (4)

2.2 Onderskei tussen die generering van nuwe idees en om goeie idees te identifiseer. (4)

2.3 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg:

GEEN WATER VIR SEWE MAANDE NIE

Dit is die nagmerrie vir inwoners van Huhudi naby Vryburg, wat sedert Desember nie 'n druppel water het nie. Die inwoners moet hoë tariewe vir watervoorrade betaal en daar is ook hoë vlakke van misdaad in die omgewing aangemeld. Bisso dink daaraan om 'n motorwassery in die omgewing te begin.

2.3.1 Identifiseer die faktore wat 'n impak gaan hê op die ligging van Bisso se besigheid uit die bogenoemde gevallestudie. (2)

2.3.2 Bespreek die impak van die TWEE faktore genoem in VRAAG 2.3.1. (4)

2.3.3 Beveel maniere aan hoe die besigheid die faktore genoem in VRAAG 2.3.2 kan verbeter. (4)

2.4 Voltooi die volgende tabel deur die regte en verantwoordelikhede van 'n dienskontrak uiteen te sit:

	REGTE	VERANTWOORDELIKHEDE
WERGEWER		
WERKNEMER		

(4)

2.5 Bespreek die wetlike vereistes van 'n kontrak. (8)

2.6 Noem enige TWEE voorbeelde van verpligte versekering. (2)

[40]

VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Identifiseer die probleemoplossingstegnieke uit die volgende scenario's:

3.1.1 Doel is om die menings van kundiges te bekom sonder om die kundiges van aangesig tot aangesig bymekaar uit te bring.

3.1.2 Weeg die voor- en nadele op van 'n idee waarop besluit is.

3.1.3 Versamel soveel moontlike idees.

3.1.4 Plaaslike kennis word van die een generasie na die volgende oorgedra. (4 x 2) (8)

3.2 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae:

Toe Sisa Ngube in 2013 die Reboasis Property Fund genoteer het, het hy gesê: "Dit is veilig om te sê dat ek my besigheidsdoelwitte bereik het en nog meer, maar sukses kom nie sonder 'n prys nie."

Sisa glo dat harde werk die antwoord op sukses is .

3.2.1 Definieer die betekenis van sukses. (2)

3.2.2 Bespreek die belangrikheid van die daarstel van doelwitte. (6)

3.2.3 Beveel maniere aan waarop werknemers 'n professionele beeld kan projekteer. (6)

3.3 Onderskei tussen probleemoplossing en besluitneming. (4)

3.4 Noem TWEE stappe van die probleemoplossing siklus. (4)

3.5 Verduidelik die volgende terme:

3.5.1 Selfkennis (2)

3.5.2 Tydsbestuur (2)

3.6 Beveel maniere aan hoe mense by veranderings kan aanpas. (6)

[40]

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

- 4.1 Lys VIER tipes visuele hulpmiddels. (4)
- 4.2 Verduidelik die voor- en nadele met die gebruik van audio-visuele hulpmiddels. (8)
- 4.3 Verduidelik die faktore wat 'n impak op die ligging van 'n besigheid gaan hê. (8)

BESIGHEIDSROLLE

- 4.4 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Anthony spesialiseer in die verkoop van selfone en rekenaars teen billike pryse. Die besigheid het 'n gekwalifiseerde rekenaartegnikus in diens. Anthony se besigheid is in 'n hoë misdaadgebied geleë. Die besigheid word ook geraak deur gereelde dienslewering protesaksies in die gebied.

Die besigheid het nie genoeg kapitaal om die nuutste selfone en rekenaarmodelle te koop nie. Die bestuur van die besigheid het nie goeie finansiële beplanningsvaardighede nie. Die plaaslike munisipaliteit het onlangs 'n tender vir die verskaffing van rekenaars geadverteer. Suksesvolle aansoekers sal ook versoek word om 'n internetkafée in hul kantore te vestig.

- 4.4.1 Stel 'n SWOT-analise op vir Anthony. (8)
- 4.5 Verduidelik enige DRIE praktiese maatskaplike verantwoordelikeids-inisiatiewe wat vandag deur ondernemings geïmplementeer kan word. (6)
- 4.6 Noem die voordele van besighede wat betrokke is by korporatiewe sosiale verantwoordelikheid . (6)

[40]**TOTAAL AFDELING B: 80**

AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

NOTA: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat u kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n NUWE bladsy begin bv. VRAAG 1 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, ens.

VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

Ondernemingsvorm verwys na die tipe besigheid wat die eienaar gekies het. Verskillende ondernemingsvorme is geskik vir verskillende tipes besighede.

Skryf 'n opstel oor die volgende aspekte:

- Onderskei tussen 'n maatskappy met persoonlike aanspreeklikheid en 'n vennootskap.
- Regverdig die effektiwiteit van 'n maatskappy sonder winsbejag as 'n goeie ondernemingsvorm.
- Bespreek die voordele en nadele van 'n eenmansaak. **[40]**

VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE

Die sukses van 'n besigheid hang af van hoe spanne suksesvol kan saamwerk ten spyte van invloede wat spanverhoudinge kan beïnvloed. Besighede kan gebruik maak van kriteria vir die assessering van suksesvolle spanprestasie.

Skryf 'n opstel oor die volgende:

- Verduidelik die voordele van 'n goeie span.
- Verduidelik verskillende tipes werksverhoudinge.
- Beveel maniere aan waarin besighede 'n omgewing kan skep wat spanwerk kan bevorder.
- Adviseer die besigheid oor die volgende kriteria:
 - Openlikheid
 - Ondersteuning
 - Wedersydse respek en vertroue
 - Lede toegewyd aan prestasie. **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40

TOTAAL: 150